



Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

DIE WEG NA VREEDSAME VERKIESINGS

Deur me Phephelaphi Dube: Direkteur, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Gedeeltes in die Stad Tshwane word gekenmerk deur geweld, met mediaberigte wat uitgebrande motorvoertuie en strate besaai met brandende motorbande wys. Een persoon is na bewering in die geweld dood. Die gewelddadige betogings is oënskynlik as gevolg van partylede se ongelukkigheid met die regerende party se Nasionale Uitvoerende Raad se besluit om 'n burgemeesterskandidaat te kies bô die kandidate wat deur die Tshwane-tak van die regerende party verkies word.

Daarbenewens het die Minister van Polisie, Nathi Nhleko, verlede week aangekondig dat hy 'n taakspan daargestel het, wie se mandaat dit is om die "toename in politieke moorde" te ondersoek. Hy het voorts kommer uitgespreek oor die aantal moorde wat met die komende verkiesings op 3 Augustus 2016 verband hou. Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommisie (SAMRK) voer aan dat daar ongeveer 50 polities-verwante moorde oor die afgelope vyf jaar plaasgevind het, hoofsaaklik in KwaZulu-Natal en Mpumalanga. Die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) het ook daarop gewys dat politieke moorde die gevolg is van plaaslike konflikte en mededinging.

Die Grondwet bepaal dat Suid-Afrika 'n nasie is wie se grondliggende waardes universele stemreg, 'n nasionale algemene kiesersrol, gereelde verkiesings en 'n veelpartystelsel van demokratiese regering daarstel ten einde verantwoordbaarheid, 'n responsiewe ingestelheid en openheid te verseker. Politieke regte word ook verskans in die Handves van Regte, ingevolge waarvan Suid-Afrikaanse burgers vry is om politieke keuses uit te oefen. Die Grondwet gee ook aan burgers die reg op vry, regverdig en gereelde verkiesings, terwyl dit ook dieselfde burgers se reg waarborg om in verkiesings te stem, asook die vermoë om 'n kandidaat vir 'n openbare amp te wees, en indien verkies, die amp te beklee.

Die Verkiesingskommissie is 'n liggaam wat deur die Grondwet ingestel is om verkiesings op alle vlakke te bestuur, wat ook die verdere rol het om te verseker dat verkiesings vry en regverdig is. Die *Kieswet* bevat 'n gedragskode ten opsigte van verkiesings, wat ten doel het om toestande te bevorder wat bevorderlik is vir vry en regverdig verkiesings en wat 'n klimaat skep van verdraagsaamheid, vrye politieke veldtogte en oop openbare debatte. Al die partye wat geregistreer het om aan die verkiesings op 3 Augustus deel te neem, asook die kandidate wie se name op die verskeie partylyste verskyn, het tot die Kode ingestem.

Die Kode verbied pertinent gewelddadige optrede, benewens die gebruik van taal wat geweld aanhits. Die Kode verbied ook die intimidasie van kandidate of kiesers, benewens die misbruik van magsposisies, bevoordeling of om die uitslag van verkiesings te beïnvloed. Individue, so wel as politieke partye, wat daarvan skuldig bevind word dat hulle die Kode ondermy, kan 'n boete en/of gevangenisstraf opgelê word. Uiteindelik het politieke partye 'n plig om hul kiesafdelings te bestuur, asook die prosesse wat die aanstelling van verkiesingskandidate bepaal, ten einde te verseker dat daar geen openbare geweld plaasvind nie.



Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

Politieke partye en kandidate moet in gedagte hou dat 'n vry en regverdige verkiesing nie net gaan oor die prosesse en die tel van stemme op Verkiesingsdag nie. Verkiesingsuitslae moet vertroue waardig wees - die geweld, verwoesting van eiendom, moorde en beweerde intimidasie kan moontlik die komende verkiesing in 'n negatiewelik stel.

Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (SGR) erken dat die voortgesette geweld wat met verkiesings verband hou nie net 'n uitwerking het op die nasie se grondliggende waardes het nie, maar ook op die politieke regte van individuele Suid-Afrikaners. Uiteindelik maak dit saak, beide plaaslik en in die internasionale arena, dat Suid-Afrika vreedsame, geloofwaardige, vry en regverdige verkiesings het. Dit skep vertroue in Suid-Afrika se demokrasie, asook vertroue in die Staat se vermoë om die Oppergesag van die Reg na te kom. Gevolglik doen die SGR 'n beroep om vreedsame dialoë betreffende die oplossing van konflik, en herinner ook die gemeenskappe wat ongelukkig is met politieke leierskap dat hulle ook hul ongelukkigheid op 3 Augustus 2016 by die stembus kan laat hoor.